



Kamp Kennisgewing



Liewe Sawanante

Mei maand sleep ons so bietjie Jeffreysbaai toe.



Koste vir die naweek beloop as volg:

R169 per nag vir 'n gesin van 4.

Laat weet asb vroegtydig wie die kamp gaan meemaak

Opkomende kampe vir Junie 2019:

14 – 17 Junie – Van Stadens

22 – 29 Junie - Wintertoer

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra.



Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos:clarise.kruger@ms-it.co.za / clarise.steenkamp@gmail.com

Baie van ons kinders ontvang gereeld erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.

Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld verhoging vanaf 1 Desember 2018	<i>Kontant of EFT</i>	<i>Debiet order</i>
Jonger as 60	R365	R355
Senior Burgers	R355	R345

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeur word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, **MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL.**



SAWA BESTUUR